# SUID-AFRIKA HET 'N NUWE BASIESE BELEID VIR NYWERHEIDSONTWIKKELING NODIG

**Prof. G. Marais**
**Direkteur, Skool vir Bedryfsleiding**
**Universiteit van Suid-Afrika**

## SYNOPSIS

**Prof. Marais discusses the desirability of a positive government policy to promote exports through selective protection of industries and measures to increase the productivity of the available labour force.**

Gedurende die afgelope dekade het Suid-Afrika 'n snelle verandering in haar nywerheidstruktuur ondergaan. Twee groepe nywerhede het veral vinnige groei getoon nl. dié wat ons tussen-bedrywe noem en die verwerkers van primêre grondstowwe. In die geval van tussen-bedrywe sluit ons nywerhede in wat die inter-industrie-vraag voorsien, dit wil sê hulle produkte word gebruik vir verdere produksie. Ek dink hier aan tekstiele, sintetiese chemikalieë, motoronderdele en papier. Onder verwerkers van primêre grondstowwe word ingesluit vervaardigers van yster en staal en allooie en olie-raffinaderye.

Volgens die jongste Ekonomiese Ontwikkelings-Program is die verwagting dat die bedrywe in hierdie bedryfstakke in die volgende vyf jaar die vinnigste sal groei. As ons egter na die volume-indekse van produksie van hierdie tipe bedrywe gedurende die afgelope twee jaar kyk, vind ons 'n neiging tot afplatting.

Behalwe die afplatting in die produksie-indekse vind ons verdere negatiewe tekens, nl. dat die bydrae van die private nywerheidsektor tot die bruto binnelandse vaste belegging van 1960 tot 1970 afgeneem het van 11.9 tot 11.4% van die totaal.

Dit is bekend dat ons in die afgelope dekade 'n besonder hoë nywerheidsgroei as gevolg van invoervervanging beleef het, maar geen besondere toename in arbeidsproduktiwiteit ondervind het nie. Invoervervanging het in die vorige dekade 'n belangrike bydrae tot nywerheidsontwikkeling gelewer. In die huidige dekade sal ons veral van uitvoere afhanklik wees om nywerheidsontwikkeling aan te moedig. Uitvoere kan slegs die rol van katalisator speel indien daar 'n snelle toename in arbeidsproduktiwiteit plaasvind. Hiervoor benodig ons veral 'n snelle groei in bruto binnelandse vaste belegging.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het nog altyd vir oplewing inspuitings op die regte momente gekry. In 1926 het die Nasionale Regering begin met sy beleid van doeane-beskerming van plaaslike nywerhede; in 1932 het ons afgestap van die goudstandaard; in 1939 was dit die Tweede Wêreldoorlog; in 1948 invoerbeheer, en die ontwikkeling van Sasol. In 1962 was dit die Staat se invoervervangingsbeleid, veral in die geval van vervoer en militêre toerusting.

Die sewentigerjare vra weer iets nuuts. Ons het die dekade van invoervervanging afgesluit en 'n sterk nuwe rigting word nou gevra. 'n Nuwe basiese beleid **vir snelle nywerheidsontwikkeling wat nou sal saamgaan met die verhoging van arbeidsproduktiwiteit en groter uitvoere, is noodsaaklik.**

## DIE SUID-AFRIKAANSE MARK VIR SUID-AFRIKAANSE PRODUKTE MOET BETER BESKERM WORD

Die verslapping van invoerbeheer die afgelope twee jaar is een van die belangrikste redes vir die daling in volumeindekse van produksie van sekere nywerhede. Dit is die Staat se beleid om **matige beskerming** te gee waar bewys gelewer kan word dat ontwrigtende mededinging plaasvind. Invoerbeheer mag nie as 'n beskerm-

ingsmaatreël gebruik word nie. Is hierdie benadering 'n „gesonde benadering", so gesond dat jou nywerheidsontwikkeling begin afneem en dat jou arbeidsproduktiwitiet in sekere bedrywe daal?

Nywerhede waar skaalbesparings 'n belangrike rol speel, vind nou dat hulle markte met die helfte gesny word. Dit veroorsaak 'n sterk styging in hul kostestruktuur, veral bokoste, wat nou oor minder items versprei moet word.

Hoewel almal weet dat in sekere gevalle daar ontwrigtende mededinging plaasvind, is dit in meeste gevalle baie moeilik om dit te bewys omdat ons die getroue (miskien die enigste) volgeling van die reëls soos neergelê deur die AOTH is. Hierdie ondernemings moet al groter verliese dra en kan self ook tot niet gaan. Hoe kan ons bewys dat 'n oorsese Staat in sy land 'n familiebesigheid help om 'n sekere oorsese mark in te dring? Geen inligting is beskikbaar om te wys dat subsidiëring plaasvind nie.

As ek na die wêreldhandel kyk, dan vra ek: **"Wys my die land wat sy nuwerhede sonder redelike of hoë beskerming ontwikkel."** Selfs Japan het sedert die Tweede Wêreldoorlog invoerbeheer gebruik om sy nywerhede op 'n gesonde voet te plaas.

Die Japanse Adjunk-Minister van Buitelandse Handel en Nywerhede, mnr. Yoshihisa Ojimi, het die volgende oor invoerbeheer gesê:[1]

> "By means of quantitative restrictions on imports, and controls on the introduction of foreign technology, MITI protected those industries and enterprises that were considered worthy of encouragement."

Dit is vir my snaaks dat Japan invoerbeheer tot baie onlangs toegepas het, en dat hulle nie uit alle handelsorganisasies uitgeskop is nie.

Maar kom ons kyk na die Amerikaners. Behalwe 10% wat in die afgelope maande op invoere gehef is, het die Kommissie van Buitelandse Ekonomiese Beleid in een van die "Staff Papers" die volgende gesê: [2].

> "Because of the ever-present possibility of a sudden increase in tariffs or a tightening of import restrictions affecting their products (foreign exporters) cannot rely upon keeping, over the long run, any markets which they may succeed in developing. Their conclusion is, of course, that given the risk, attempting to enter the United States Market is scarcely worth the difficulties and expense which it entails."

G.A. Elliot maak die volgende gevolgtrekking oor die Amerikaanse doeane prosedures.[3]

> "In the United States there has gradually evolved a method of evaluation for custom purposes which is probably unrivalled in its precision, in its intricacy and in its effectiveness in producing uncertainty and delay."

Dit is aan ons bekend dat die Amerikaanse tariefstruktuur seker nie die laagste in die wêreld is nie. Ek dink so kan ons aangaan van een land na 'n ander en by almal vind dat die Staat 'n groot rol speel om sekere ondernemings aan te help om skaalbesparings te benut. Wat my die meeste hinder is dat hierdie selfde nywerhede wat groot beskerming in hulle binnelandse mark ontvang, nou daarin slaag om teen laer koste te vervaardig. Hierdie selfde produkte word nou dikwels op oorsese markte teen nog laer pryse "gedump". Om u een voorbeeld te gee: Filiaal X in Suid-Afrika voer sy grondstowwe van sy moedermaatskappy oorsee in teen laer pryse as wat die ooreenstemmende produkte in die moedermaatskappy se mark verkoop word. Hoe gaan jy dit bewys dat hier "dumping" plaasvind?

Die argumente teen te hoë beskerming is die nadelige invloed wat beskerming op mededinging op die binnelandse mark het; of daar word gesê: "Die plaaslike ondernemings is reeds ondoeltreffend en voor hulle nie huis skoonmaak nie, kan daar nie doeltreffende beskerming gegee word nie." My antwoord is: **Gee waar ekonomies geregverdig, genoegsame beskerming deur middel van selektiewe invoerbeheer en doeanetariewe en ontwikkel dan verdere maatreëls om die misbruik daarvan te voorkom.**

Die Franzsen-kommissie stel dit ook soos volg:

> „Die uitbouing van die fabrieksektor hang egter nou saam met die mate van tariefbeskerming wat verleen word, en die hand-

hawing van 'n sterk betalingsbalans. As gevolg van sy huidige AOTH-bindings het Suid-Afrika bykans geen beweegruimte meer vir tariefbeskerming aan nuwe nywerheidsektore nie".[4].

Tariefbeskerming moet deel wees van 'n totale nywerheidsbeleid en nie op sy eie en alleen gebruik word nie. Een van die grootste probleme wanneer jy tariefmure om jou binnelandse mark bou, is dat al wat 'n oorsese firma is in hierdie mark inspring en dus die benutting van skaalbesparings belemmer.

Ek gee nou die tweede aspek van 'n nywerheidsbeleid en dit is dat groter konsentrasie in Suid-Afrikaanse nywerhede nodig is. Die konsentrasie word belemmer deur die groot buitelandse belegging wat gepaard gaan met beheer.

## OORSESE MAATSKAPPYE MOET MEER AAN BANDE GELê WORD

Ek ontken nie die rol wat oorsese ondernemings reeds in Suid-Afrika gespeel het nie.

Na Sharpville het Shell in Suid-Afrika voortgegaan met sy olie-raffinadery in Durban. So kan ons baie voorbeelde noem hoe oorsese ondernemings gehelp het om ons ekonomie op te bou. Polities het die groot oorsese belegging in Suid-Afrika reeds baie vir ons op internasionale gebied beteken. Ons grootste probleem is egter hoe om rasionalisasie in die mark te kry waar elke groot oorsese maatskappy 'n takfabriek hier het. Die Franzsen-kommissie wys daarop dat buitelandse belegging wat gepaard gaan met beheer vanaf die buiteland 'n baie gewilder vorm van buitelandse belegging as onregstreekse belegging geword het. Suid-Afrika benodig 'n biae groter konsentrasie in sekere bedryftakke, maar kan jy verwag dat General Motors en Ford op die Suid-Afrikaanse mark een maatskappy moet wees? As ons kyk wat Japan en Frankryk gedoen het, vind ons besonder strenge beheer oor die aktiwiteite van buitelandse maatskappye. Ken u u buitelandse maatskappye in Suid-Afrika? Hierdie maatskappye wat van oorsee beheer word, wat hulle grondstowwe van oorsee inkoop, waar topbestuur bestaan uit mense van oorsee, waar uitvoere na ander lande nie toegelaat word nie, waar die aandele nie op die Suid-Afrikaanse beurs gekwoteer word nie, waar strategie deur die moedermaatskappy se strategie bepaal word — dié wat moet toelaat dat mnr. Diggs vir hulle kom sê wat hulle beleid moet wees? Laat ons eerlik wees: die meeste oorsese maatskappye neem nie die Suid-Afrikaanse omgewing by sy beplanning in ag nie. Hulle tree slegs as agente van die moedermaatskappy op.

Ons sal nooit 'n gesonde nywerheidstruktuur kan opbou met so 'n fragmentariese samestelling van buitelandse en binnelandse maatskappye nie. 'n Positiewe beleid vir groter konsentrasie in sekere bedryfstakke is nodig en soos die Franzsen-kommissieverslag (para 963) dit stel, moet 'n duidelike beleid oor buitelandse belegging aanvaar word.

Prof. M. Yoshino [5] wys daarop dat reorganisasie in sleutelbedryfstakke in Japan nodig was om buitensporige mededinging tussen plaaslike vervaardigers en mededinging van oorsee die hoof te bied. Hy gaan voort en sê:

> "Among these measures, the reorganization of industrial structure, that is, the increase of productive efficiency through mergers and joint actions of highly fragmented firms, has received the utmost priority."

> Ongelukkig wou die plaaslike nywerhede selfs niks hieraan gedoen het nie. Soos Yoshino dit stel:

> "High-sounding pleas for voluntary remedies and for the independence of business from government intervention have tended to lose their conviction quickly in the face of reality."

**Kon die beleid wat toegepas word om die plaaslike inhoud van motorvoertuie te verhoog ook nie toegepas word op ander toerusting soos elektriese huishoudelike ware nie? Dit sal konsentrasie geleidelik afdwing.**

Ek wil graag noem dat hier wel oorsese filiale is wat redelike groot onafhanklikheid geniet en wat Suid-Afrikaners at top-bestuurders het. Ek wil dus nie almal oor dieselfde kam skeer nie. Ons sal wel moet poog dat ons groeinywerhede weer Suid-Afrikaans georiënteerd raak.

Maar is die rede vir die groot rol wat oorsese ondernemings hier speel nie miskien omdat ons self nie belangstel in nywerheidsbelegging

nie? Miskien word my aanval nou aan 'n verkeerde adres gerig. Miskien moet ons kyk na ons eie beleggingsinstellings.

## SUID-AFRIKAANSE FINANSIëLE INSTELLINGS IS SKU VIR NYWERHEIDSBELEGGING

Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat dit die oorsese ondernemings is wat kom belê in riskante geleenthede, omdat ons eie finansiële instellings verkies om te belê in mooi geboue en om te spekuleer in grond, of teer op verbruikerskrediet nie?

Ek vra u — hoeveel Afrikaanse kapitaal is vandag in ons nywerhede belê? Of is dit te riskant vir ons? As mens na ons bruto binnelandse vaste belegging kyk, vind ons dat gedurende die afgelope 10 jaar al meer van ons belegging gegaan het na finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste. As persentasie van die totaal het dit van 16.8 in 1960 tot 23.8 in 1970 toegeneem. Belegging in private residensiële geboue het as persentasie van totale vaste belegging gestyg van 10.8 tot 12%. Konstruksie het sy posisie gedurende die tydperk onder bespreking van 0.7 tot 1.4% verbeter. As ons nie in geboue en grond belê nie, dan help ons die arme verbruiker verder in die afgrond deur hom 'n oormaat krediet te gee. Dit is waarom private verbruiksbesteding op duursame goedere van 9.4 tot 11.4 persent van die totaal tussen 1960 en 1970 toegeneem het. Suid-Afrika het nog nie geleer om sy kapitaal reg te kanaliseer na meer direkte produktiewe beleggings nie.

Ek haal vir u weer aan die Adjunk-Minister van Buitelandse Handel en Nywerhede van Japan:

> "Japan now faces a relative poverty of social capital such as roads, but priorities in economic development should start with adequate improvement in industrial capital; then social capital can be improved with the help of industrial capital."

Die Japanse banke het 'n baie groot rol gespeel in die kanalisering van kapitaal na die nywerhede. Nog kort gelede was bankkrediet en banklenings 40% van die finansiële bronne van die belangrikste Japanse maatskappye. Die Japanse regering het hierdie kanalisering bewerkstellig deur hul Bankwet wat maksimum rentekoerse op depositos vaspen, so ook die dividendkoerse, terwyl die aantal nuwe takke wat geopen kan word, streng beheer is. Die Japanse banke was dus verplig om na nuwe depositos te soek en die sekondêre nywerhede het die meeste moontlikhede ingehou.

As ons die produktiwiteit in ons sekondêre nywerhede gedurende die volgende dekade wil verhoog, sal die Regering moet dink aan drastiese maatreëls vir 'n beter kanalisering van fondse. Dr. J.A. Hurter, stel ook in sy jongste Voorsittersrede beheer op rentekoerse voor. Volgens hom word die produktiewe sektore van die ekonomie deur hoë rentekoerse benadeel.[6]

Die Franzsen-kommissie noem ook dat die S.A. Bankwese gerus 'n tydperk van konsolidasie kan deurgaan. Verder is die Kommissie ook bekommerd oor die neiging van stygende verbruiksbesteding wat tot 'n tekort aan beleggingsfondse lei. Indien die Staat nie ingryp nie, sal ons tevrede moet wees met 'n lae groeikoers. **Fondse sal dus redelik maklik vir sekondêre nywerhede beskikbaar gestel moet word.**

## UITVOERE - SUID-AFRIKA SE ACHILLESHIEL

Die Suid-Afrikaanse ekonomie was afhanklik van goud- en landbou-uitvoere om sy betalingsbalans in ewewig te hou. Die toekoms vir hierdie twee industrieë om voort te gaan om te sorg vir die meeste van ons uitvoere lyk nie baie belowend nie. Sekondêre nywerhede het 'n belangrike bydrae gelewer tot die onewewig in die betalingsbalans deurdat hierdie industrieë tot dusver baie min uitgevoer het maar groot hoeveelhede grondstowwe en kapitaal goedere ingevoer het. Die vraag ontstaan nou: Is ons sekondêre nywerhede in staat om ooit 'n groot bydrae tot totale uitvoere te lewer? As daar een onderwerp is waaroor almal al duiselig gepraat is, is dit dié onderwerp van uitvoere van vervaardigde produkte! Laat ons nou maar eerlik wees, 'n groot persentasie van ons sekondêre nywerhede sal nooit uitvoerders wees nie.

Ons kry drie tipes van uitvoerders, nl. die sporadiese uitvoerder, die geforseerde uitvoerder en die normale uitvoerder. Die sporadiese uitvoerder voer net uit as die binnelandse mark resessie-toestande beleef. 'n Goeie voorbeeld

hiervan vind ons by semi-duursame verbruikersprodukte soos klere.

Die tweede groep, die geforseerde uitvoerders, is gewoonlik dié wat deur skaalbesparings gedwing word om 'n sekere persentasie van hulle produksie uit te voer. Gewoonlik is dit maar 'n klein persentasie in Suid-Afrika. Voorbeelde wat ons al gehad het is papier en kunsmis. Geen land met 'n klein binnelandse mark kan te veel staatmaak op hierdie twee tipes van uitvoere nie en dit sal nie help om hier op 'n groot skaal te probeer om uitvoere te bevorder nie. Verder speel oorsese belegging met direkte beheer hier 'n groot rol. Hierdie beheerde ondernemings voer gewoonlik nie uit nie.

Die derde groep, die normale uitvoerders, is die kern waarom 'n land se uitvoerbeleid gebou moet word. Hierdie uitvoerders voer gewoonlik die grootste persentasie van hul produksie uit. Die rede waarom hulle uitvoer is die vergelykende kostevoordeel wat hulle op oorsese markte geniet. In Suid-Afrika se geval is dit veral minerale en metale; wol en vrugte kan ook hier genoem word. In eersgenoemde se geval, is dit skokkend dat ons op 'n groot skaal ons onverwerkte minerale teen 'n laer prys probeer uitvoer. Dit is met 'n skok dat 'n mens besef dat Japan vandag een van die grootste vervaardigers van staal in die wêreld is sonder die basiese grondstowwe! In Japan het hulle produksie van yster en staal van 'n halfmiljoen ton in 1946 tot oor 100 miljoen ton in 1970/71 vermeerder. Sy voer tans 20 persent van haar produksie uit en dit is haar grootste enkele uitvoeritem. Die groei van hierdie bedryfstak het die basis gevorm van Japan se naoorlogse ekonomiese Renaissance. Sy voer tans 90% van haar ystererts en 80% van haar kooks in. Die Japanse Regering laat staalfabrieke van net sekere groottes toe, 6 miljoen ton en meer; dié waar hulle skaalbesparings ten volle kan benut. Dit word gesê dat hulle staalfabrieke tot 30 persent meer doeltreffend is as dié van die res van die wêreld.

Geagte leser, ons het nie uitvoerkommissies nodig om weer met dieselfde inligting na vore te kom nie. Ons het entrepreneurskap en inisiatief nodig. Die Japanse Regering was nie bang om daardie geld te voorsien om hierdie magtige staalnywerheid op te bou nie. Moet ons dan nou vir Japan soebat om ons erts te koop? As ons 'n Oranjerivier-skema kan bou waar ons nie seker is wat die voordeel gaan wees nie, hoekom kan ons nie dieselfde geld bestee aan verwerkers van hierdie waardevolle primêre grondstowwe wat ons besit nie? Onthou, in 1950 was Japan nog te swak om op die wêreldmark met staal te kan meeding — dit is egter nie meer die geval nie. In 1961 het hulle Brittanje verbygesteek in staalproduksie. In plaas daarvan om R100-miljoen te bestee om ru-erts te vervoer, hoekom kan ons nie R100-miljoen bestee om daardie ru-erts tot die verste vorm moontlik te verwerk nie? Dan het ons in elk geval minder koste met die vervoer van die halfklaar produk.

Gepraat van vervoer, voorsiening van goedkoop, doeltreffende vervoer en krag gaan hand-aan-hand met 'n beleid van uitvoerbevordering.

## GELYKE LONE VIR GELYKE WERK

In die afgelope aantal jare het ons die populêre filosofie begin ontwikkel dat almal gelyk is, daarom moet almal gelyke lone en gelyke regte geniet.

Geagte leser, ek verseker u, dit is een van die belangrikste oorsake van inflasie, omdat daar nie meer 'n verband bestaan tussen produktiwiteit en lone nie. Dit klink baie mooi om alles so gelyk te sien, maar as produktiwiteit nie meer 'n kriterium by die vasstelling van lone van die werkers in ons nywerhede is nie, kan ek vir u sê, ons sal inflasie beleef soos nog nooit tevore nie! Ons sal kan vergeet van groter uitvoere of om te kan meeding met invoere. Reg genoeg, ek stem saam dat in sekere beroepe ons nie-Blankes te min volgens hul produktiwiteit betaal word, en hierdie mense se salarisse en lone moet opgeskuif word, maar dan sê ek vir u dat daar ook heelwat Blankes is wat te hoë lone en salarisse vergeleke met hulle produktiwiteit kry!

Laat ons nou nie te haastig raak en alles probeer gelyk maak nie, maar ernstig poog om die gehalte van ons arbeid, veral nie-Blanke arbied, te verbeter. 'n Ernstige poging om opleiding veral op tegniese gebied te verbeter, is nodig. Laat ons poog om dié mense te vergoed volgens hulle produktiwiteit en soos hulle produktiwiteit verbeter.

## SUID-AFRIKA IS TE AFHANKLIK VAN BUITELANDSE TEGNOLOGIE TOEGEPASTE NAVORSING MOET VOORRANG GENIET.

Behalwe dat ons te afhanklik is van buitelandse belegging is ons verder ook te afhanklik van buitelandse tegnologie. Rasionalisering sal nie verkry word deur slegs groot konsentrasie van nywerhede nie, maar ook deur tegnologiese ontwikkeling in Suid-Afrika wat by ons behoeftes aanpas. Uitvoerbevordering is ook baie afhanklik van plaaslike tegnologiese ontwikkeling. Kan die WNNR nie meer aandag gee aan toegepaste navorsing nie? Watter belastingtoegewings kan aan die private sektor gegee word om tegnologiese navorsing en ontwikkeling meer te bevorder?

## BELEID VAN DESENTRALISASIE VAN NYWERHEDE MOET OOK INPAS BY 'N BASIESE BELEID VIR NYWERHEIDSONTWIKKELING

Dit is al deur nyweraars genoem: Hier sit ons nou in grensgebiede met hoër koste, en nou vind ons dat ons nie beserming teen mededinging van die buiteland kry nie. Koördinasie is uiters noodsaaklik.

Die Riekert-verslag het oor die algemeen 'n baie goeie ontvangs gekry en ek wil dus nie veel op die onderwerp uitbrei nie — net dit: In die vorige dekade was die uitgangspunt groeipunte weg van ons verskillende nywerheidsgebiede. Mag ek voorstel dat die uitgangspunt die huidige dekade moet wees die ontwikkeling van groeipunte wat nou met mekaar gekoppel is. Hierdie groeipunte moet ook gekoppel wees met die hoof stedelike gebiede. Kommunikasie waaronder ek vervoer-, telefoon- en kragverbindings insluit, gaan die sukses of mislukking van ons beleid van desentralisasie bepaal.

## 'N MEDEDINGENDE EKONOMIE IS NOG NODIG.

U kan nou begin dink dat ek op pad is om heeltemal sosialisties te raak. Toevallig is dit nie so nie. Ek verwys heelwat na die nywerheidsbeleid van die Japanse Regering — hierdie beleid is nie sosialisties-georiënteerd nie.

Prof. Allan van die Universiteit van London sê die volgende oor Japan:[7]

> "When one surveys the systematic growth of Japan's modern industry over the last quarter of a century, one is inclined to infer the presence of an all-embracing official design. This interpretation is misleading. Japan has not had a planned economy."

Allan gaan aan en sê die rede vir die Japanse sukses is:

> "... the readiness of individuals to subordinate their ambitions to national purposes."

In sigself het Japn effektiewe mededinging tussen sy groter maatskappye aangemoedig. Daar is selfs mededinging tussen filiale van dieselfde maatskappy.

Tariefbeskerming, finansiële hulp, konsentrasie van nywerhede kan lei tot monopolieë, maar dit is nie monopolieë wat skadelik is nie maar die misbruike van monopolistiese praktyke.

Ek glo dat gesonde mededinging nog een van die belangrikste metodes is vir die beste toewysing van bronne — jou mense, jou geld en jou grondstowwe. Ek voel net dat by sekere sektore van die ekonomie ons nie 'n normale werking van die markmeganisme het nie. Dit is die Staat se plig om hier behulpsaam te wees en hierdie sektore te lei tot hulle op hul eie voete kan staan. Japan het, na hy sy nywerhede sterk opgebou het, begin om geleidelik mededinging van buite toe te laat.

Ons lang-termyn beleid moet nog altyd wees die skepping van gesonde mededinging. In hierdie proses is dit van die **uiterste belang dat die Regering 'n baie sterk liggaam het wat hom beywer om beperkende handelspraktyke binnelands te voorkom, d.w.s. enige misbruik van monopoliemag moet ten alle koste voorkom word.**


## SLOT

'n Aantal jare gelede het ek voor die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Vereniging (Pretoriasetak) gevra vir 'n Kommissie om ons hele nywerheidsbeleid te hersien. Intussen het ek van gedagte verander want kommissies se aanbevelings word gewoonlik nie aanvaar nie. Moet ons dan sterker leiding van ons senior staatsamptenare

verwag? Ek is jammer om te sê hierdie mense is reeds almal oorwerk en ek dink nie jy kan van 'n staatsamptenaar verwag om riskante besluite te neem nie, want hy kan nie op die politieke platform klim om homself te verdedig nie. Ek vra vir meer vérsiendheid van ons politieke leiers; ons Eric Louws wat nie bang was om ons Sasol te begin nie; 'n dr. Diederichs onder wie die invoervervangingsbeleid sy beslag gevind het — politieke leiers wat op ekonomiese gebied kan innoveer, kan lei en veral die fragmentariese elemente van ons huidige nywerheidsbeleid weer kan saamtrek en koördineer. Ek glo ons het nog die mense wat daardie leding kan neem om vir ons 'n dekade van sterk nywerheidsgroei en stygende uitvoere te bewerkstellig.

## LITERATUURVERWYSINGS


1. Ojimi, M. Yoshihisa: The Basic Philosophy of Japanese Industrial Policy to OECD Industrial Committee Tokyo, June 24th, 1970, p.9
2. Commission on Foreign Economic Policy, Staff Papers, Washington, D.C. Feb. 1954, par. 357.
3. G.A. Elliot: Tariff Procedures and Trade Barriers, University of Toronto Press, 1955 pp. 8-9
4. Fiskale en Mønetêre Beleid in Suid-Afrika — Derde verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, Nov. 1970, par. 957.
5. Yoshino,M.: Japan's Managerial System — Tradition and Innovation, 1968, p. 181, 188
6. Hurter, J.A.: Rentekoerse: Beheer nou nodig, Tegniek, Aug. 1971, p.12
7. Allen, G.C.: Economic power lies in ability to transfer resources quickly. The Financial Times, July 5, 1971, p. 12


— *hulle toekoms en welsyn is in u hande!*

# *Hoe veilig is u Gesin?*

U is die RENTMEESTER van u gesin!
U hou hulle toekoms in u hande.
Verkry volkome gemoedsrus deur vandag nog die hulp van RENTMEESTER, die Republiek se groeikragtige versekeringsmaatskappy in te roep!
Laat RENTMEESTER u help om die grootste veiligheid en sekuriteit aan u gesin te verskaf.

Rentmeester

**RENTMEESTERS VERSEKERAARS BEPERK**
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstr. 219, Pretoria. Tel. 3-1258

*VOLLEDIG BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS*